# „EK IS" IN DIE EVANGELIE VAN JOHANNES — OPENBARINGS-HISTORIES BENADER (SLOTARTIKEL)

## 5. Joh. 10 : 7 & 9: Ek is die deur van die skape
## Joh. 10 : 11 & 14: Ek is die goeie herder
## Joh. 11 : 25: Ek is die opstanding en die lewe

### 5.1. *Kom na My toe*

Net soos dit met die vorige twee uitsprake die geval was, moet ook hierdie drie uitsprake as 'n eenheid gesien word. Hulle hoort saam, nie net omdat hulle so kort op mekaar volg nie, maar ook omdat hulle organies 'n eenheid vorm in die een teken wat daarna volg nl. die opwekking van Lasarus.

In hfst. 10 begin Jesus met die gelykenis van die goeie herder. Dit is opvallend dat Hy in die eerste 21 versies van hfst. 10 nie minder nie as vier maal sê „Ek is". Net so opvallend is dit dat, binne die bestek van drie verse, Christus twee maal sê „Ek is die deur" en met slegs twee verse tussenin, kom ook twee maal die uitspraak: „Ek is die goeie herder". Ons Here Jesus wil hierop groot nadruk lê omdat dit juis die krisis van lewe en dood verbreek. Die dood is die laaste vyand wat oorwin moet word en dit kan alleen deur die *lewe*. Dit is dan ook nie onverwags dat al drie hierdie uitsprake met die *lewe* te doen het nie. Dieselfde geld die teken wat hierop volg. In die aansprake rondom Christus as die deur van die skaapstal, kry ons uitdrukkings soos σωθησεται en νομην ευρησει (v. 9). Dit dui op alles behalwe die ingeperktheid van die dood. In v. 10 stel Hy dit ronduit as Hy sê: „Ek het gekom dat hulle lewe kan hê en oorvloed kan hê". Die herhaling van die konjunktief εχωσιν, lê besonder nadruk op die werklikheid van die *besit* van *lewe* en *oorvloed* wat die noodwendige gevolge is daarvan dat Christus gekom het as deur van die skaapstal.

Die beeld van die deur is seker een van die mooiste Messiasbeelde omdat dit die middelaarsgestalte van Christus weer uit 'n ander hoek as dié van plaasvervanger belig. Ongelukkig word dit in die prediking meesal in die skadu van die herdersbeeld gestel.

In beide hierdie beelde word die egtheid van Christus se Messiasskap beklemtoon, want beide spreek van lewe — en dít is immers die hele opset van Christus se werk: εγω ηλθον ινα ζωην εχωσιν και περισσον εχωσιν (10 : 10).

Formeel en tekskrities is daar al baie gepoog om die uitspraak van 10 : 7 & 9 („Ek is die deur [van die skape]") in te pas in 'n denksisteem van interpretasie óf om dit af te water en selfs te elimineer.

Wat die tekskritiese betref was veral v. 7 in gedrang toe die kritici oor die egtheid begin nadink het. So het Wellhausen, Heitmüller en Moffat o.a., die „deur"-begrip verruil vir die „herders"-begrip. Op grond daarvan dat v. 7 & 8 in hulle onderlinge verband onlogies lyk met η θυρα as „synswyse" van Christus, het hulle dit

op sterkte van die Sahidiese teks gaan verander na ο ποιμην. As 'n mens v. 7—10 lees, dan is dit duidelik dat v. 8—10 'n omskrywing is van die stelling in v. 7. Wat die kritiek miskien nie raakgesien het nie, is dat v. 8 nie soseer wil sê wat Christus met „die deur" bedoel het nie, (dit lê eers in v. 9 & 10) maar dat Christus daarin sy „Ek is" kwalifiseer deur valse leraars teen Homself af te speel — natuurlik steeds in verband met die deur. As 'n mens dit só verstaan, dan stuit jy nie op die probleem van hoe skape na 'n deur luister nie (vgl. v. 7 & 8). Dan verstaan 'n mens dat Christus, die *Woord,* die vleesgeworde Woord, die enigste toegang is tot rus en tot weiding vir sy kudde. Dié deur is dus die Woord wat verkondig word en dit open vir jou die skaapstal sodat jy daar*in* kan gaan om te rus, of daar*uit* kan gaan om versterk te word in die weivelde daaromheen.

Die formele probleem lê in die woorde των προβατων. Wat se genitief is dit? Is Christus die deur *tot* die skape of die deur *vir* (van) die skape? Sommige verklaarders wil dit sien as 'n gen. obj. (die deur tot die skape), waarvolgens Christus die deur is waardeur herders (bedienaars van die Woord) die skape kan bereik. Dan sê Jesus dus hier dat 'n mens slegs deur Hom tot herder van 'n kudde gestel kan word. Dit is wel 'n moontlikheid, maar hierdie vertaling word geensins geëis deur die samehang met v. 1—5 nie en vorder 'n gewronge verklaring van v. 9.

Die ander moontlike vertaling is: „die deur van/vir die skape" soos dit in die huidige Afrikaanse vertaling staan. Dit beteken dat *Christus* die skape in of uit laat gaan. Dit is moontlik dat Christus hier sinspeel op die gewoonte van Oosterse herders om self in die nou deuropening te staan en die skape dan in of uit te *roep,* terwyl hy dan terselfdertyd hulle siektes en getalle kontroleer. Dit werp vir ons baie mooi lig op die „luister" van v. 8. Die skape weet dat waar die herder staan, daar moet hulle in of uit — hy is vir hulle die deur. Hy reël hulle handel en wandel.

Die in- en uitgaan van v. 9 word deurgetrek na v. 10 waar die implikasies daarvan gegee word: „Ek het gekom dat hulle lewe en oorvloed kan hê". Nadat v. 9 praat van „ingaan", staan daar σωθησεται (hy sal gered word). Ons moet hier dink aan die veiligheid in die stal — daar kan geen dief of rower inkom nie en daar is ook geen gevaar van wilde diere nie. Dit is presies wat Christus in v. 10 bedoel as Hy sê: ινα ζωην εχωσιν. Ook die term „uitgaan" vind weerklank in v. 10. Vers 9 het gesê: „. . . hy sal uitgaan en weiding vind" (νομην ευρησει en dan voeg v. 10 by: ινα . . . περισσον εχωσιν). Psalm 23 praat van „groen weivelde en waters waar rus is". Dit is die doel van die herder as hy die skape laat uitgaan — hy wil aan hulle oorvloed gee.

Onmiddellik nadat die skape uit die stal is, op pad na die weiveld, verander Jesus ook sy beeld. Nou noem Hy Homself nie meer die deur nie, maar die herder — die goeie herder wat voor sy skape uitgaan en hulle agter hom aanroep. Omdat hulle sy stem en gesindheid ken, volg hulle Hom.

As ons nou gaan kyk na die teken wat Christus hiermá doen, dan sien ons hoe die lyne pragtig deurloop. Hier is 'n paar penne-

strepe: Jesus, die deur van die skape, gaan staan by die opening van die graf waarin Lasarus lê. Dan roep Hy hom by die naam (11 : 34) soos die goeie herder sy eie skape by hulle naam roep (10 : 3). En dan gebeur daar by die graf die goddelike herderswonder: die man van Betánië hoor sy Heiland roep, Hy ken sy stem soos die skape die stem van die herder ken en hy staan op uit die dood om deel te kry aan 'n nuwe lewe saam met dié Goeie Herder. Só word dié woord van Christus vervul: „Ek het gekom dat hulle *lewe* en oorvloed kan hê" (10 : 10).

Ook in die voorspel tot die teken, vind ons iets gereflekteer van die herdersuitspraak: in 10 : 11 sê Hy: „Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape". Dit beteken soveel as (die verband sê dit vir ons — veral v. 12 & 13) dat die herder sy eie lewe in gevaar stel ter wille van die lewens van die skape. Dít presies gebeur dan ook wanneer Jesus en sy dissipels na Betánië gaan. In hfst. 10 : 31 reeds (na die aanspraak op sy herderskap) het die Jode klippe opgetel om Hom te stenig; in v. 39 wil hulle Hom vang, maar „Hy het uit hulle hand ontkom". Die Jode soek dus om Jesus dood te maak en daarom trek Hy Hom terug oorkant die Jordaan, die plek waar Johannes vroeër gedoop het, en waar Hy afgeskei is van Jerusalem, die vernaamste agitasie-sentrum van die Jode (veral Fariseërs).

Omtrent „die plek waar Johannes eers gedoop het" is daar verskillende opvattinge. Sommige verklaarders meen dat dit Perea was, terwyl andere dink aan Betanië oorkant die Jordaan — ± 85 km. van Betanië waar Lasarus gewoon het. Waar dit ook al was, die doel van sy terugtrekking was baie duidelik.

Jesus se besluit in hfst. 11 om na Betanië, „die dorp van Maria en haar suster Martha" (11 : 1) te gaan en dus tog in die openbaar te verskyn, het sy dissipels grootliks verbaas. Hulle het geweet dat dit sy einde kon beteken (11 : 8) en daarom sê Thomas Didimus aan sy mededissipels: „Laat ons ook gaan om saam met Hom te sterwe" (v. 16).

Met die beeld wat ons nou van Christus opgebou het as die Deur van die skape en die Goeie Herder, is dit duidelik waarom Hy in 11 : 25, pas voordat hulle na Lasarus se graf toe gaan, kan sê: „Ek is die opstanding en die lewe". Hierdie waarheid kom ten volle aan die lig as Lasarus, die man wat al geruik het, opstaan uit die graf as hy die stem van die Herder hoor.

5.2. *Belydenis* (11 : 22 & 27)

As Jesus en sy dissipels in Betanië kom, kom Martha Hom tegemoet met 'n belydenis op die lippe: *„Here,* as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie; *maar selfs nou weet ek* dat alles wat U van God vra, God U sal gee". Die eintlike belydenis wat verband hou met die teken en aansprake is dié van v. 27: „Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom". Wat het Martha presies bedoel toe sy gesê het dat Christus volgens belofte in die wêreld sou kom? Sy praat hier van ο χριστος dit is: die Gesalfde. En sy kwalifiseer nog nader: ο υιος του θεου.

Die salwing is teken van sy koningskap wat aan die kruis (as die finale teken) bevestig sou word. Die dood word 'n voorteken tot die lewe. Dit sou ook by Lasarus se graf in Christus waarheid word. In Martha se belydenis het veel meer gesit as bloot 'n stelling. Dit was 'n hoopvolle woord van egte vertroue en vaste geloof. Sy bely Hom dus as die opstanding en die lewe.

5.3. *Logoslied*

Die tema van die goeie herder in 10 : 11, het ons baie duidelik uit hfst. 1 : 11: „Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie". Hierdie woorde vind volle vervulling in 10 : 19—21 waar, nadat Jesus die herdersbeeld volledig uitgebou het, die mense verdeeld raak onder mekaar oor wie Hy nou eintlik is. Deur sy hele optrede en lyde was dit die geval, totdat die Romeinse hoofman oor 100 ('n heiden) wat alles gesien en gehoor het, nie anders kon nie as om te sê: „Waarlik, Hy was die Seun van God!"

In hfst. 1 : 16 kom ook die deur-beeld baie duidelik: hfst. 10 : 9 sê dat elkeen wat deur Hom ingaan, gered sal word en elkeen wat deur Hom uitgaan, weiding sal vind. Dit is presies wat die sestiende vers van die Logoslied sê: „En uit sy volheid (van weiding en beskerming — ref.) het ons almal ontvang, ja, genade op genade". Hy is die weg waarlangs die genade tot ons kom — vgl. 1 : 17: „die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom". Ons sien dus waarom Hy kon verklaar: „Ek is die weg en die waarheid..." Maar daarby voeg Hy ook nog: „Ek is... *die lewe*" wat teruggryp op 1 : 4: „In Hom was lewe".

Hieroor handel nou die volgende deel.

## 6. Joh. 14 : 6: Ek is die weg en die waarheid en die lewe

6.1. *Die Kneg was ook Koning*

In 14 : 6 kom Christus eintlik tot 'n samevatting van sy vorige 3 „Ek is"-uitsprake. In 'n sekere sin vorm dit 'n kompendium van *al* sy voorafgaande uitsprake. Hiermee wil Hy eintlik sê dat sy weg *'n weg van waarheid* is wat *lei tot 'n nuwe lewe*. Sy weg is nie die weg van revolusie nie, maar die ordelike weg: *deur die skaapstal se hek*. Dit is die weg van vrede en veiligheid, van *oorvloed en lewe*. Hy as *Goeie Herder lei sy kudde* op hierdie weg *tot sy wonderbare lig* om versadig te word met die *spyse van die onverganklike*. Dit lê ook baie duidelik opgesluit in die b-deel van die vers as Jesus vir Thomas antwoord: „Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie". Dit is asof Jesus vir Thomas wil sê: Onthou jy nie dat Ek pas vir julle gesê het dat Ek die deur van die skaapstal is nie? Ook uit die verband is dit opmerklik dat Jesus hiermee juis sy Middelaarskap wil beklemtoon. In die vorige uitsprake het Hy sy dissipel daarop gewys dat Hy die weg is *waarlangs, waardeur* en *waarvolgens* hulle moet lewe:

(a) Hy is *die weg waarlangs*... As Christus sê: „Ek is die opstanding en die lewe" (11 : 25) dan gaan dit nie maar om die fisiese opstanding waarvan die teken van Lasarus 'n voorbeeld is

nie, maar dit gaan om die herskeppingsmag wat die Seun van God in Homself het. Hy kan ons opwek in 'n nuwe lewe, 'n geestelike nie-dood-wees, 'n ewige lewe met Christus vir God. Daarom het Hy in 11 : 25 direk die geloof daarby betrek. Dit gaan dus hier om 'n geloofslewe.

(b) In die tweede plek het ons reeds gesien: Hy is *die weg waardeur*... Daarvoor het Hy in 10 : 7 en 9 die beeld van die skaapstal gebruik. Daar is maar één manier om by die stal in te kom, en dit is die deur. Dit is ook die enigste manier om daaruit te kom. Wat dus in hfst. 10 voorop staan in die beeld van die staldeur, is dat buite Christus om daar geen veiligheid en rus is nie; buite Christus om is daar geen lewe en oorvloed nie. Ook hiér in die verhouding: skape-deur gaan dit weer eens om die geloof, want watter skaap sal by die deur uitgaan as hy weet dat 'n leeu vir hom buite lê en wag? Die gebruik van die staldeur is dus geen waagstuk nie, maar 'n saak van volle vertroue, van *geloof*.

(c) Derdens is Hy ook *die weg waarvolgens*... Dit gaan hier om die wyse, die manier waarvolgens 'n mens kan kom tot oorvloed en lewe. Hierdie weg het Hy aangetoon met die beeld van die goeie herder. Hy is nie maar 'n gewone herder nie, 'n huurling nie, maar Hy is die Goeie Herder, die ware Herder, wat sy lewe aflê vir sy skape. Dit was hierdie grootse waarheid wat die digter van Psalm 23 reeds gegryp het toe hy kon sê: „Die HERE is my herder; ... *ek sal geen onheil vrees nie*". Dit is die ware navolging van Christus: Hy voor en ons agter Hom aan. Dit was ook die strekking van ons Heiland se beeld uit die herderslewe. Hy wat sy lewe aflê, is ook die eersteling uit die dode, want Hy lê sy lewe af *om dit weer te neem* (10 : 17). Omdat Hy die Goeie Herder is, luister die skape na sy stem. Hy roep en hulle kom, Hy lei en hulle volg. Nogmaals speel die geloof die beslissende rol. Luister maar na 10 : 26 as Jesus vir die huurlingkudde sê: „Julle *glo* nie, want julle is nie van my skape nie".

In hoofstuk 14 : 6 („Ek is die weg en die waarheid en die lewe") kom Jesus nou tot 'n klimaks: Hy is ook *die weg waartoe*... Dit is nie maar *in* en *deur* Hom nie, maar ook *tot* Hom wat alle dinge is. As ons in die hongernood van ons sonde op soek is na ewige spyse, dan sê Hy in 6 : 35: „*Ek* is die brood van die lewe". As ons verdwaal in die duisternisse van ons lewenspad, dan sê Hy in 8 : 12: „*Ek* is die lig van die wêreld". As ons sondes ons omring en vaskeer tussen die 4 mure van die dood, dan sê Hy in 10 : 7: „*Ek* is die deur van die skape". As ons so dikwels in die versoeking kom en die Satan probeer om ons te verlei, dan sê Hy in 10 : 11: „*Ek* is die goeie herder". As ons so dikwels val deur ons oortredinge en kwyn in sondeskuld, dan sê Hy in 11 : 25: „*Ek* is die opstanding en die lewe". In al hierdie dinge sien ons Hom as die *ware lewensweg*. Al hierdie dinge bring ons telkens by Hom uit. Só openbaar die Seun van God Hom as die Reël, die Maatstaf, die Kanon. En dit bly Hy — selfs aan die kruis, want as Hy daar honger en dors en nakend is, dan bly Hy steeds die brood van die lewe omdat sy vlees waarlik spys is en sy bloed waarlik drank; as Hy daar in stikke duisternis aan Golgota se hout hang, bly Hy steeds die lig

van die wêreld; as Hy in sy gebede aan die kruis geen toegang tot God het nie, blý Hy steeds die deur van die skape, die Middelaar tussen God en ons; as Hy in sy stryd teen die magte van die hel deur God verlaat word, blý Hy nog steeds die Goeie Herder wat nie vlug wanneer die wolf kom nie — Hy verlaat ons nie; as Hy in sy sterwensuur sy Gees aan God opdra, blý Hy nóg vir ons die opstanding en die lewe. Só verstaan ons ook die ryke inhoud van sy uitspraak in 14 : 6: „Ek is die weg en die waarheid en die lewe”. Hy is die weg en daarom kan niemand na die Vader kom behalwe deur Hom nie (14 : 6b). Hy is die *waarheid* omdat Hy in die Vader is en die Vader in Hom (14 : 10). Hy is die *lewe* en daarom sal ons ook lewe (14 : 19).

In hierdie uitspraak (van 14 : 6) lê die kernmoment van v. 3 & 28. In v. 28 sê Christus dat sy Vader groter is as Hy. Dit is veral hierdie teks waarop die Jehowa-getuies e.a. hulle beroep as bewys om aan te toon dat die Seun nie God is nie, omdat Hy self sou sê dat sy posisie minderwaardig is t.a.v. dié van die Vader wat dan alleen God sou wees. Die feit van die Drie-eenheid word hiermee meteen tot 'n klug „bewys”. Wat natuurlik uit die oog verloor word, of liewer: wat hulle met 'n beperkte *geloofs*kennis nie kan of soms wil begryp nie, is dat hierdie laaste deel van die Johannes-evangelie wat handel oor die laaste deel van Jesus se lyde op aarde, staan in die teken van die kruis. Dit is die tyd waarin die rolle geweldig vinnig verander. Jesus, wat tot nou toe 'n *leiersfiguur* was, word nou in alle opsigte 'n *lydensfiguur*. Petrus, die *rotsman*, word 'n *verloëner*. Judas, een uit die *binnekring*, word 'n *verraaier*. Die skares wat *agter Hom aangeloop* het, word nou sy *aanklaers*. Alles dui nou op die *hoogtepunt* van sy lyde — sy *diepste vernedering*. En dit is nou in hierdie staat dat Christus nou hierdie uitspraak doen dat sy Vader groter is as Hy. *Die Vader, tot wie Hy heengaan, is groter as die vernederde Middelaar*. Nou is Hy, Jesus, in die volle omvang van sy lyde in sy Middelaarskap, die weg wat lei tot die ewige lewe. Langs hierdie weg wil Hy later sy dissipels (en prakties ook almal wat in Hom glo) bring tot die ewige lewe. Sý weg is die weg van lyde, en as sy dissipels hierdie weg volg, sal hulle ook, soos Hy later voorspel het, uit die sinagoges geban word (16 : 2), gedood word (16 : 3), uitmekaar gejaag word (16 : 32), verdruk word (16 : 33). Maar daarby het Hy hulle ook die troos gebied dat Hy weer sal kom om hulle te kom haal, sodat hulle ook kan wees waar Hy is (14 : 3) — verheerlik in ewige hemelse vreugde.

Aan dit alles gaan nou hierdie heerlike akklamasie vooraf: „Ek is die weg en die waarheid en die lewe”. 'n Mens sou verwag dat op die kruispad alle weë doodloop. Maar dan hoor ons nogeens sy woord: „Ek is die weg”. Juis dáár, aan die verskriklikste einde van alle weë, dáár is Christus die weg wat verder gaan. „Ek is die waarheid” sê Hy aan die vooraand van die dag waarop die leuen oor Hom sou triomfeer. Hy is onskuldig verraai, veroordeel, gedood — en nog bly Hy die groot Waarheid wat van God kom. Ten slotte sê Hy: „Ek is die lewe”. Vier-en-twintig uur later is Hy as lyk in die graf gelê, maar tog sê Hy hier: „Ek is die lewe”. Daar waar alle lewe ophou, bly Hy die *lewe* en is Hy vir óns die lewens*waarheid*

op ons lewens*weg*. Hoe wonderlik is dit nie: Hy is die weg waar geen weg meer is nie; Hy is die waarheid waar die leuen seëvier; Hy is die lewe waar die dood alles wil vernietig.

In die tekens rondom hierdie „Ek is"-uitspraak merk ons óók iets van die klimaks wat op hande is. Net soos in die uitspraak self (soos ek in die voorafgaande probeer aantoon het) speel ook in die tekens daaromheen die kruis 'n besondere rol. Alles is afgestem op die kruis as die beslissingsmoment op die volbragte werk van Jesus, die Christus, die Seun van God. Ons het in hierdie gedeelte rondom die voorlaaste uitspraak, te doen met twee soorte van tekens Daar is tekens wat *deur Hom* gedoen word en tekens wat *aan Hom* gedoen word. In al 5 gevalle staan die silhoeët van die kruis skerp omlyn. (a) Wat is die teken van die voetwassing in hfst. 13 : 1—20 anders as simbool van ons reinigmaking deur die bloed wat aan die kruis gestort sou word? In hfst. 13 : 1—20 doen Jesus seker een van sy mooiste tekens as Hy, wat pas in die vorige hfst. as Koning vereer is, nou op sy knieë gaan voor sy twaalf dissipels om hulle voete te was. Hierin spits Hy Hom dus besonderlik toe op die kruis en die betekenis daarvan — ons versoening, ons deel aan Hom (vgl. 13 : 8). (b) Wat dui meer pertinent op die kruis as die teken van die brood aan Judas Iskariot by die laaste Pasga? (13 : 21—30). Dit is interessant dat hierdie man aan wie die teken van die gebreekte brood gedoen is — iets wat heenwys na die liggaam van Christus aan die kruis — dat juis hierdie man Christus nie wil ken as die *weg* en die *waarheid* en die *lewe* nie. Hy kies juis die *ander* weg: die weg buite die waarheid om *(verraad)* wat lei tot sy *dood*.

Minder voor-die-hand-liggend miskien is die kruismotief in die ander 3 tekens: (c) Maria salf sy voete (12 : 1 e.v.). (d) Intog in Jerusalem (12 : 12 e.v.). (e) Die Grieke wat Jesus wil sien (12 : 20 e.v.). Laat ons begin by die eerste hiervan: die teken wat Maria aan haar Meester doen (voetsalwing), is 'n voorspel tot sy lydensweek. Hierdie teken geskied op die Sabbat. (Matthéüs en Markus stel dit op die Woensdag voor die kruis). Salwing in die O.T. was altyd die bevestiging van 'n persoon in die *amp*. In die N.T. is hierdie die enigste plek waar 'n persoon gesalf word, behalwe vir die verskillende salwings deur die Heilige Gees en die salwings by die genesing van siekes. Die feit dat sy sy voete salf, beteken net soveel as wanneer sy sy hoof sou salf. Hy self het ook net sy dissipels se *voete* gewas en dit was genoeg. Interessant dat Matthéüs en Markus sê dat sy sy hoof gesalf het. Wat sy presies gedoen het, maak geen verskil nie. Die betekenis van haar optrede is wel baie duidelik: dit was 'n blyk van die erkenning van Jesus as die *Koning* van die belofte. Die eerste teken dus wat aan Hom gedoen word, geskied in die binnekring van sy boesemvriende.

Die tweede teken van die laaste drie wat hier ter sprake is, trek die kring al wyer (12 : 12 e.v.): Dit is Sondag as Jesus op 'n donkie die stad Jerusalem inry. 'n Groot skare wag Hom is en dan lees ons dié woorde: „Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here, die *Koning* van Israel" (12 : 13). Die intog was 'n koninklike daad en die skare se optrede was 'n instemming dat Hy die *Koning* is op die troon van Dawid volgens die belofte. Die teken van die

intog vind weerspieëling aan die kruis as die opskrif ook juis dié tema bevat: „. . . die *Koning* van die Jode" (19 : 1).

Die derde teken vind ons in 12 : 20 e.v. as 'n paar Grieke daardie môre kom om Hom te spreek. Dit is die derde stadium van die erkenning van Jesus as *Koning*. Die kring word nou nog wyer getrek. Dit is opvallend dat Jesus die eerste twee van hierdie tekens toelaat. Hy laat Maria toe om sy voete te salf en Hy laat die Jode toe om Hom uit te roep as Koning. Maar as die nasies kom (wat in werklikheid alreeds vrugte op sy arbeid is) dan wil Hy nie verder nie omdat sy verheerliking nog nie gekom het nie — die koringkorrel moet *eers sterf* voordat dit vrug kan dra (12 : 24). Siedaar — die kruis !

Hierdie wete dat sy uur nog nie gekom het nie, of miskien juis die feit dat dit nou op hande is, sou ons laat verwag dat Jesus Hom stil sou gedra en nie veel in die openbaar doen nie. Die teendeel is egter verrassend: in 11 : 57 beplan die Fariseërs om Hom gevange te neem as hulle net maar wis waar Hy is. En wat doen Jesus? In 'n Koninklike optog ry Hy Jerusalem binne terwyl 'n groot skare Hom toejuig (12 : 12 e.v.).

In Joh. 12 is die Koningsmotief dus sterk op die voorgrond. Tekens in die sin van „wonders" word hier nie beskryf nie, en tog sê Johannes (v. 37): „En alhoewel Hy so baie tekens voor hulle gedoen het, het hulle Hom nie geglo nie".

### 6.2. *Belydenisse*

(a) 12 : 13: By die teken wat Jesus doen in 12 : 12—19 (intog) vind ons dié pragtige belydenis wat juis ook die Koningsmotief van hfst. 12 besonderlik verbeeld: „Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here, die Koning van Israel". Die uitroep: „Hosanna!" wat kom uit Ps. 118 : 26, is letterlik 'n bede: „Ag Here, gee nou heil". Later in die N.T. het dit die betekenis gekry van 'n welkomsgroet aan 'n vors, met die presiese bedoeling: „Geseënd is die koning". Ook die palmtakke het die hulde wat hulle aan Hom gebring het, uitgebeeld (vgl. ook Openb. 7 : 9). Só is Jesus as Koning bely en verwelkom.

Hierdie gebeurtenis het die Fariseërs baie moedeloos gehad. Nou het hulle gesien dat hulle niks vorder nie en dat die hele wêreld agter Hom aanloop (v. 19). Tog eienaardig dat sake binne 'n week só geweldig kan verander — dat die skare wat hier roep: „Geseënd is Hy . . ." pas 'n paar dae later met nog luider stem sou roep: „Kruisig Hom, kruisig Hom!"

### 6.3. *Logoslied*

Die beskrywing en belydenis van die nuwe Koning as die Een wat kom in die Naam van die Here, is nie iets nuuts in die Johannesevangelie nie. Hy het nie net Jerusalem binne gekom nie, nie net gekom om vir die Jode te sterf nie, maar primêr het Hy *na die wêreld* gekom (1 : 9), na sy eiendom (v. 11), in die Naam van die Here omdat Hy self God was (1 : 1), „vol van genade en waarheid" (1 : 4).

Miskien is hierdie tema van Jesus as Koning nie beperk tot 'n bepaalde vers in die Logoslied nie, maar meer die algemene strekking van die lied in sy geheel as loflied op die vervulling van 'n eeue-oue belofte dat die Messias eendag op die *troon van sy vader Dawid* sal sit. Dit lê ook opgesluit in die hooftema van die lied in Johannes 1, nl. dat die woord vlees geword het — die belofte is gerealiseer. Daarom ook dat in die beskrywing van die gebeure van die intog, Johannes nie skroom om daarna te verwys nie (vgl. 12 : 15).

## 7. Joh. 15 : 1, 5: Ek is die ware wynstok

### 7.1. *Die trooswoord: Eenheid*

Miskien die troosvolste van al sy „Ek is"-uitsprake, kry ons in Joh. 15 : 1 & 5 as Jesus sê: „Ek is die ware wynstok". Hoekom troosvol? Omdat die betekenis van hierdie uitspraak elkeen van ons persoonlik raak. Hier gaan dit om die crux van ons geloofslewe — ons *deel* aan Jesus ons Verlosser. Ons het nie net aan die verlossing deel nie, maar ook aan die Verlosser. Die hele saak van die *innige gemeenskap* tussen Christus en sy dissipels vind sy grond in die innige gemeenskap tussen Christus en sy Vader. Daarom voeg Hy onmiddellik by hierdie „Ek is"-uitspraak die woorde: „. . . en my Vader is die landbouer".

Reeds in die vorige hfst. het Christus met hierdie eenheidsmotief begin. Nou bou Hy dit uit aan die hand van verskillende beelde. Hierin figureer die *positiewe* verhoudings: Seun-Vader (16 : 28 e.v.), Seun-Heilige Gees (16 : 14 e.a.) en Vader, Seun, Heilige Gees-dissipels (16 : 27; 15 : 9; 16 : 13) op 'n positiewe wyse. *Negatief* is die verhouding: Seun teenoor wêreld (15 : 17 e.a.), Heilige Gees teenoor wêreld (16 : 8 e.a.) en Vader teenoor wêreld (15 : 21). Hoofstukke 15 & 16 is seker een van die beeldrykste gedeeltes in die verhaal van Johannes. Om bg. en ander verhoudings na vore te bring, gebruik Jesus verskeie beelde. In 15 : 1 is die beeld van die landbouer in sy wingerd; vers 4 praat van die wingerdstok met sy ranke; vers 15 skets die verskil in die verhouding van iemand tot sy dienskneg en dié tot sy vriend; vers 19 gee die verhouding tussen 'n man en sy eiendom; die verhouding van 'n dienskneg tot sy heer word in v. 20 gegee; hfst. 16 : 1 praat van 'n versperring wat 'n mens laat struikel, en in 16 : 20 gebruik Hy die beeld van 'n vrou wat geboorte gee. In sy slotbeeld (16 : 33) waar Hy sê dat Hy die wêreld oorwin het, sien ons Hom in die gestalte van 'n held.

Hierdie laaste onderwysing van Jesus aan sy dissipels is daarvoor bedoel om hulle te troos en te sterk vir die moeilike tyd wat hulle voor die deur staan. Nou dat hulle van hulle Meester geskei sal word, is dit vir hulle van soveel belang om te weet dat hulle, omdat hulle glo, tog een is met Hom soos die lote met die wynstok. Hulle groei uit Hom en lewe in Hom.

Die eerste beeld nl. dié van die landbouer en die wynstok, loop deur die hele hfst. 15. Hy wil hier vir sy dissipels vertel wat die implikasie daarvan is dat Hy en die Vader een is. Hy spreek hier 'n persoonlike woord tot hulle wat die naaste aan Hom staan. Hulle

moet weet en vashou dat die band tussen hulle en Jesus van die allergrootste belang is. Daarvan hang hulle lewens af: die loot wat nie vrug dra nie, word afgesny en in die vuur gegooi. Jesus gee hier die implikasies van sy kruisdood. As Hy alleen daar aan die kruis hang, dan dra Hy hulle wat in Hom glo in sy heilige hoëpriesterlike hart. Petrus was dus tog reg toe hy gesê het: „Here, ek sal U nooit verlaat nie". Eintlik is dit Jesus wat vir Petrus nie verlaat het nie. Ook die apostel Paulus sou later in sy briewe die eenheid tussen Christus en die gelowiges geweldig sterk beklemtoon. Hy gebruik dan die beeld van die eenheid tussen hoof en liggaam.

Hierdie innige gemeenskap tussen Christus en sy dissipels is gewortel in die ware liefde van Hom jeens hulle. Soos die Vader Hom lief gehad het, het Hy hulle ook lief (15 : 9). Hierdie αγαπη is vir Christus meer as bloot 'n gevoel of 'n reaksie. Dit is 'n aksie. Dit vra werk. Dit vra gehoorsaamheid. Daarom sê Hy in 15 : 10: „As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly". Hoe pragtig word hier die beeld van die wynstok en die lote verbind met die wet waarvan die liefde die allesomspannende is! Christus trek hiermee dus implisiet die beeld deur. Die liefde is soos die sap wat deur die ranke stoot. Christus vergelyk 'n *natuurwet* met die *wet van God.* As die ranke afgesny word, kom daar nie meer sap deur nie. Die omgekeerde geld ook: as daar nie meer sap na die lote deurkom nie, dan verdroog dit. Dieselfde geld nou die liefde t.o.v. die eenheid met Christus. Daarom gee Christus ook pertinent die bevel: „Bly in hierdie liefde van My" (15 : 9).

7.2. Wat baie opvallend is in hierdie paar hoofstukke rondom die laaste uitspraak, is dat Jesus hier geen tekens doen nie. Die antwoord is duidelik: Ons Here Jesus is nou besig om Hom voor te berei vir die grootste teken van alle tye: die kruis. Dáár vind die ware *versoening* plaas. Vir hierdie grootse taak berei Jesus Homself voor in die gebed (Hoëpriesterlike gebed in hfst. 17). Daarin bid Hy God om die eenheid wat daar tussen *Hulle* is ook te bestendig aan die dissipels. Hierin kom nie net die eenheid tussen die Vader en die Seun na vore nie; ook nie alleen die eenheid tussen die Seun en sy dissipels nie, maar ook die eenheid tussen die dissipels onderling, en dan veral hulle eenheid met God. Só wil Hy ons met God *versoen,* en die teken dáárvan is die *kruis.*

7.3. *Belydenis*

Die belydenis van die dissipels vertolk die strekking van Jesus se laaste onderwysing as motivering van sy kruisdood. Laat ons dit hierdie keer van 'n ander kant benader: vanuit ons belydenis waarin die Skrifwaarhede besonder duidelik opgesom is. Die Kategismus sê dat alleen iemand wat waarlik mens en waarlik God is, vir ons sondes kan betaal. Christus was dus waarlik God. As mens is Hy een met ons. As God is Hy een met die Vader. Omdat Hy van die Vader kom en self God is, is Hy in staat om ons van ons sondes te verlos — om dié troos, die ewige troos aan ons te bied. En dit is presies wat die dissipels nou bely: „Nou weet ons dat U alles weet... Daarom glo ons dat U van God uitgegaan het" (16 : 30).

Nou kom die dissipels tot dié wonderlike ontdekking dat Hy self God is, en hulle van al hulle sondes kan verlos. Dit het hulle tot hier toe nog nie verstaan nie. Altyd nog het Hy tot hulle in gelykenisse gespreek: „. . . maar daar kom 'n uur" sê Hy, „wanneer Ek nie meer deur gelykenisse tot julle sal spreek nie, maar julle openlik van die Vader sal vertel" (16 : 25). En dan sê Hy vir hulle dat die Vader hulle lief het, dat Hy van die Vader uitgegaan het en dat Hy weer na die Vader gaan. Dan begryp hulle as daar in v. 29 staan: „Kyk, nou spreek U ronduit en gebruik geen gelykenis nie". Nou gaan die betekenis van die koms van die Messias vir hulle oop soos 'n boek. Dit bring hulle tot hierdie heerlike belydenis: „Ons glo dat U van God uitgegaan het".

7.4. *Logoslied*

„Niemand het God ooit gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar". So eindig ook die loflied op die vleeswording van die Woord (1 : 18). Baie skerp en duidelik skets Johannes in hierdie vers die innige eenheid tussen die Vader en sy Seun — Hy is in die boesem van sy Vader. Hy is die geliefde Seun in Wie God 'n welbehae het. Vers 14 sê van Hom: Hy is „die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid".

Ons verhouding tot Hom lê ook opgesluit in v. 11 as Hy ons sy „eiendom" noem.

Nog 'n tema word in v. 12 genoem, nl. dié van die verhouding tussen God en ons. Ons het God se kinders geword deur Jesus Christus. „Almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo".

Wat 'n heerlike troos hou dit ook vir ons in: „Uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade" (1 : 16).

## 8. Slotopmerkings

8.1. As 'n mens die getuienis van Johannes op die voet volg, dan vind jy telkens 'n negatiewe reaksie (van die kant van die Fariseërs veral) op die verskillende uitsprake van Jesus wat met tekens, aansprake en 'n geloofsbelydenis verband hou. Keer op keer lees ons dat die Jode/Fariseërs saam raad hou om Hom om die lewe te bring; soek na 'n geleentheid om Hom gevange te neem; en daadwerklik probeer om Hom dood te maak. Dink maar aan die volgende:

| | |
|---|---|
| 4 : 26: Dit is Ek wat met jou praat. | 4 : 44: 'n Profeet is nie geëerd in sy eie vaderland nie. |
| 6 : 35 & 48: Ek is die brood van die lewe. | 7 : 1: . . . die Jode het probeer om Hom dood te maak. |
| 8 : 12: Ek is die lig van die wêreld. | 8 : 59: Hulle het toe klippe opgetel om Hom te stenig. |
| 8 : 23: Ek is van bo. | |
| 10 : 7: Ek is die deur van die skape. | 10 : 31: Die Jode het toe weer klippe opgetel om Hom te stenig. |
| 10 : 11: Ek is die goeie herder. | |

11 : 25 Ek is die opstanding en die lewe.

14 : 6: Ek is die weg en die waarheid en die lewe.
1 : 1: Ek is die ware wynstok.

11 : 53: Van dié dag af het hulle saam beraadslaag om Hom om die lewe te bring.

19 : 6: Kruisig, kruisig Hom!

8.2. Opvallend is die antitese wat ons telkens vind tussen Jesus en die Jode in elk van hierdie „Ek is"-uitsprake. Elkeen het sy negatiewe kant vir dié waarvoor dit nie bedoel is nie. Let maar op die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| Ek is die brood van die lewe | — | Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het *gesterwe*. |
| Ek is die lig van die wêreld | — | Julle sal in julle *sondes* sterwe. |
| Ek is van bo | — | Julle is van *benede*. |
| Ek is die deur van die skape | — | Almal wat voor My gekom het, is *diewe en rowers*. |
| Ek is die goeie herder | — | Die huurling vlug omdat hy 'n *huurling* is. |
| Ek is die opstanding en die lewe | — | Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor. |
| Ek is die weg en die waarheid en die lewe | — | As julle My geken het, sou julle My Vader ook geken het. |
| Ek is die ware wynstok | — | Julle het *geen deel* aan My nie. |

8.3. Met hierdie studie het dit baie duidelik geword dat die Johannes-evangelie op 'n unieke wyse saamgestel is, organies 'n eenheid vorm in die onderlinge verband van hoofstuk tot hoofstuk en opvoer tot 'n klimaks (wat die „Ek is"-uitsprake betref) in die laaste uitspraak waar dit gaan om die eenheid van Christus met sy dissipels en Christus met God.

'n Mens kan nie anders nie as om die herrangskikkings van Bultmann, Bernard, E. Schweizer e.a. te verwerp. Die subjektiwiteit daarvan is baie duidelik. Die uitspraak van Jeremias hieromtrent is besonder relevant en eerlik: „Man wird darum gut tun, den Text ohne alle literarkritischen Operationen so zu nehmen, wie er dasteht" (KTL. *ποιμην*, p. 494).

8.4. Ek hoop om later ook die res van Christus se „Ek is"-uitsprake te bespreek — ek dink maar aan die Damaskus-gebeure van Hand. 9 : 5: *„Ek is* Jesus wat jy vervolg" of nog meer relevant: Jesus se woorde aan dieselfde Johannes (wat die vierde evangelie geskryf het) op Patmos: *„Ek is* die Alfa en die Omega . . ." Dié evangelie wat Johannes as jong man uit die mond van Jesus van Nasaret gehoor het, hoor hy nou weer as 'n ou man op Patmos, maar dan met 'n geopende hemel en 'n opgestane Heiland in sy volle heerlikheid: Openb. 1 : 18: *„Ek is* die eerste en die laaste en die lewende". Dieselfde Jesus wat Johannes in sy evangelie verkondig het as die Alfa (Joh. 1 : 1 e.v.), kom nou tot hom en sê: Ek is ook die Omega (Openb. 1 : 8 & 11).

Dit was die voorreg van hierdie dissipel vir wie Jesus lief gehad het, om sy Here te sien waar Hy in heerlikheid is. Nou nie net meer as die Lam van God (Joh. 1 : 29 & 36) nie, maar ook as die Leeu uit die stam van Juda (Openb. 5 : 5); nie meer die lydende Kneg wat ons van sondes verlos nie, maar nou die Regter van die wêreld, die Koning in die koninkryk van die hemele.

Ds. P. van Schalkwyk, Reddersburg.

**KORTSLUITING**

*As God se blik eers in die laserstrale slaan*
*wat die hel in sy woede op ons dorre broosheid rig,*
*sal daar 'n universele kortsluiting ontstaan*
*en sal dit 'n apokaluptiese brand in die wêreld stig;*
*dit sal 'n blink Deurpad na die hoë hemel baan*
*en die poorte van die hel uit sy voeë lig*
*en sal selfs die glans van die son en maan*
*uitdoof in die fel verblinding van sy lig.*

Esjee.